kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Geloofs erflatings

Skriflesing: 1 Timoteus 2:1-11

Broodjies vir die pad

"God does not need our worship. We worship to enlarge our sense of holy, so that we can feel and know the presense of the Lord, who is with us always. He said, Love is what it amounts to, a loftier love, and pleasure in a loving presence."
— Marilynne Robinson, Home

"The moon looks wonderful in this warm evening light, just as a candle flame looks beautiful in the light of morning. Light within light...It seems to me to be a metaphor for the human soul, the singular light within that great general light of existence."
— Marilynne Robinson, Gilead

"There are no formulas—no definitive how-tos—for growth in the inner character of Jesus. Such growth is a way of relentless seeking. But there are many things we can do to place ourselves at the disposal of God, and "if with all our hearts we truly seek him, we shall surely find him"
— Dallas Willard, Renovation of the Heart: Putting On the Character of Christ

"I think the attempt to defend belief can unsettle it, in fact, because there is always an inadequacy in argument about ultimate things."
— Marilynne Robinson, Gilead

"How different the world would be if each parent could say to the child: "Who you are is terrific, all you are meant to be. And who you are, as you are, is loved by all of us. You have a source within, which is the soul, and it will express itself to you through what we call desire. Always respect the well-being of the other, but live your own journey, serve that desire, risk being that which wishes to enter the world through you, and you will always have our love, even if your path takes you away from us." Such persons would then have a powerful tool to enable them to change their lives when it was not working out for them. Such persons would be able to make difficult decisions, mindful always of the impact on others, but also determined to live the life intended by the gods who brought us here."
— James Hollis, Hauntings: Dispelling the Ghosts Who Run Our Lives

"The modern family is one in which the divergent values of our separate souls are supported, valued, encouraged. Diversity is not just tolerated, it is affirmed as the radical gift of relationship. Conflict is mediated with accepting love despite disagreement, and no one carries the assigned burden of becoming something other than what they are."
— James Hollis, Finding Meaning in the Second Half of Life: How to Finally, Really Grow Up

"When things are taking their ordinary course, it is hard to remember what matters. There are so many things you would never think to tell anyone. And I believe they may be the things that mean most to you, and that even your own child would have to know in order to know you well at all."
— Marilynne Robinson, Gilead

Watter visum vir 'n waardige lewensles

Wilhelm Jordaan

Daar is darem maar droewige sinne in sommige kerklike formuliere. Soos dié een: "Hierdie lewe is niks anders as 'n ge-stadigde dood nie."

Biologies is dit seker waar. Lewensonderhoudende liggaamselle sterf van die begin af – 'n mens is as't ware 'n wandelende sterfgeval! Hoe dit ook al sy, dié formulier is nie 'n goeie visum vir 'n lewensreis nie. Gans en al te pessimisties.

En ons weet wat pessimisme doen. Dit laat jou leef in afwagting van die ergste en jy tower "horrible imaginings" op à la William Shakespeare se Macbeth. Daaruit kom slordige emosies soos woede, vrees, selfbejammering en verlekkering in swartgalligheid en slagofferskap. Dit kan maak dat jy "doodgaan" nog voordat jy begin lewe.

Natuurlik is oordrewe optimisme nie 'n antwoord nie. Stel jou dié formulier voor: "Hierdie lewe is niks anders as 'n

onophoudelike fees nie." Tog poog mense om juis dít waar te maak.

Eers was dit Norman Vincent Peale met sy The Power of Positive Thinking: dat 'n daaglikse dosis gelukkige gedagtes die geluksgewoonte skep wat jou sukses besorg én geluk bring. Dit voed tot vandag toe 'n kultus van optimisme en positiwiteit met duisende boeke, artikels en selfhelpkursusse wat geluk beloof, byvoorbeeld Rhonda Byrne se The Secret: Alle goeie dinge én die slegtes wat jou tref, trek jy na jouself aan – volgens die kosmos se trekpleisterwet, wat as't ware Newton se swaartekragwette kanselleer. Sulke optimisme is eweneens nie 'n nuttige riglyn vir 'n lewensreis nie.

Tussen dié maklike uiterstes is 'n moeiliker maar gepaster lewenshouding – 'n genaak-bare realisme waaraan die skrywer Elsa Joubert uitdrukking gee, byvoorbeeld in Die swerfjare van Poppie Nongena en in haar outobiografiese werk, Spertyd (die datum waarop iets veronderstel is om klaar te wees en nog nie is nie!), wat in 2018 verskyn het, pas voor haar 96ste verjaardag.

Genaakbare realisme veronderstel 'n bewustheid van teenstrydigheid, paradoks en eie dubbelhartigheid; dat donker (pessimisme) en lig (optimisme) en vrees en moed saam in jou woel. En om dit alles te omhels as vormende lewensgoed waaruit waagmoed om voluit te lewe kom.

In Joubert se geval kom haar voluit lewe tereg in 'n filosofie wat sy lank gelede verwoord het: "Die verste reis wat 'n mens kan onderneem, is van mens tot mens, deur die hart."

Só het sy Poppie Nongena se wêreld vir ons bekend gemaak en in Spertyd lê sy 'n mens se oudword en oudwees realisties bloot – met genaakbaarheid, deernis, ironie en humor.

Soos sy self sê, sy is steeds nie versadig aan die lewe nie. Sy bly op soek na klarigheid oor lewensdinge, oor "Die Krag" eie aan lewe.

In Spertyd skryf sy: "Rus bestaan in sy teenstander Beweging, die een kan nie sonder die ander nie . . . Moeg beteken die Krag het opgehou. Krag beteken die Moeg het opgehou." Inderdaad 'n sielsverheffende lewensformulier.

** Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/watter-visum-vir-n-waardige-lewensles-20190918

"All bread is the bread of heaven, her father used to say. It expresses the will of God to sustain us in this flesh, in this life. Weary or bitter or bewildered as we may be, God is faithful. He lets us wander so we will know what it means to come home."

— Marilynne Robinson, Home

Brood vir die pad

Ons is ook vir die toekoms verantwoordelik

RRV

Op 1 Februarie 1933 – kort voor sy 27ste verjaardag en enkele dae nadat Hitler kanselier van Duitsland geword het – lewer die teoloog Dietrich Bonhoeffer 'n radiopraatjie, "Die leier en die individu in die jonger generasie." Hierin stel hy dit duidelik dat 'n leier bewus moet wees van sy verantwoordelikheid en beperkte mag, en nie toelaat dat sy volgelinge van hom 'n afgod maak nie. Want as dit gebeur, verander die beeld van die leier (Führer) na dié van die verleier (Verführer).

Tot Bonhoeffer se ontsteltenis is sy mikrofoon voor die einde van sy praatjie afgeskakel, en daarom versprei hy later die teks aan vriende en familie. In sy voordrag wys hy daarop dat die gevoel van ontnugtering en onstabiliteit, wat ná die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland geheers het, die verlange na 'n sterk leiersfiguur by die jonger generasie laat verdiep het. Maar, waarsku Bonhoeffer, in so 'n situasie moet mense nie hul eie verantwoordelikheid op die een of ander geïdealiseerde leiersfiguur laai nie. Die versoeking moet weerstaan word om die leier tot 'n tipe Messias-figuur te verhef en in die proses die alledaagse verantwoordelikhede te versaak wat daarmee saamhang om byvoorbeeld 'n ouer, onderwyser, werknemer of landsburger te wees.

Dit is vandag nog waar dat onsekere en onstuimige tye op politieke, ekonomiese en godsdienstige gebied die versugting na 'n sterk leier luider laat weerklink. Ons het sekerlik goeie leiers nodig, ook leiers wat 'n etiek van verantwoordelikheid teenoor almal in die samelewing uitleef. Maar Bonhoeffer se punt bly ter sake: Waaksaamheid is nodig om te keer dat leiers ons nie met goedkoop retoriek en die oorskryding van hulle mag mislei nie. En ons sodoende in die versoeking stel om ons morele gesag na hulle af te skuif, eerder as om dit op verantwoordelike wyse konkreet en daadwerklik uit te leef, ook in openbare instellinge.

Byna 'n dekade nadat Bonhoeffer sy radiopraatjie gelewer het, bevind hy hom in die tronk weens sy weerstand teen Hitler – 'n leier wat inderdaad 'n verleier geword het, met katastrofale gevolge.

In 'n diepsinnige geskrif vir sy vriende, met die titel "Ná tien jaar", beklemtoon Bonhoeffer terugskouend die belangrikheid daarvan om anders as 'n vrugtelose houding van blote kritiek en opportunisme, medeverantwoordelikheid vir die gang van die geskiedenis te aanvaar. Maar hy kyk ook na die toekoms, en daarom sy betekenisvolle woorde: "Uiteindelik is die verantwoordelike vraag nie hoe ek myself met eer van 'n situasie kan losmaak nie, maar hoe 'n volgende geslag daarmee gaan saamlewe."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-is-ook-vir-die-toekoms-verantwoordelik-20190913

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877